## Jarah en die natuurgeeste

**115** Toe sê Jarah wat langsaan sit en rus: "Maar Meester! Watter klein mannetjies is dit? Ek sien hulle uit die bos kom, en nou staan hulle in kleurvolle groepe om ons heen! Enkeles skyn `n wasige kleed aan te hê; die meeste is egter heeltemal naak en hulle is almal so groot soos kinders van skaars twee jaar."

[2] Ek sê: "Dit is reeds konkrete mensesiele van hierdie aarde wat nog nie die weg van die vlees deurgemaak het nie. Hulle het tot op hede ook nog nie baie sin daarin nie, omdat hulle te bang is om opnuut in die materie opgesluit te word. Die gekledes het selfs `n soort taal, wat ewenwel nog nie baie ontwikkel is nie; maar `n sekere aapintelligensie het hulle almal!"

[3] Jarah sê: "Sou die gekledes my verstaan as ek met hulle praat?"

[4] Ek sê: "Probeer jou geluk `n slag!"

[5] Daarop skraap Jarah al haar moed bymekaar en vra aan `n wasig geklede ligblou mannetjie: "Wie is julle dan, en wat doen julle hier?"

[6] Die ligblou mannetjie gaan nou vlak voor Jarah staan, staar haar met groot oë strak aan en sê dan: "Wie gee jou opdrag, stinkende stuk vleis, om `n vraag te stel aan ons rein wesens? Behalwe die Eén, en met uitsondering van nog één, stink julle almal weersin-wekkend na materie; en dit is die grootste vyand van ons neusgate! Stel aan ons in die vervolg eers dan `n vraag, stinkende aas, as jy daartoe opdrag gekry het van die almagtige Gees van alle geeste - en sorg jy maar verder daarvoor dat jy jou liggaamlike mottesak op `n goeie manier kan kwytraak!"

[7] Ek vra vir Jarah: "Wel, My dogtertjie, hoe vind jy hierdie antwoord?"

[8] Jarah sê: "Meester, Meester, ag, hierdie wesens is ontsettend ru en grof! Is ek dan regtig so `n stinkende aas? Ek weet nou van droefheid geen raad nie; ja, ek sou nou baie maklik wanhopig kon word!"

[9] Ek sê: "Kyk, kyk, My dogtertjie, die gesie het tog vir jou iets goeds gedoen! Waarom treur jy daaroor?! Die gesie kon jou natuurlik wel met sierliker woorde gesê het dat daar in jou nog so `n heel klein bietjie hoogmoed verborge lê oor jou skoonheid; maar die gesie is geen taalkunstenaar nie, het maar `n beperkte woordeskat, en praat eintlik meer uit ervaring en gevoel as uit enige begrip.

[10] Is die geluk in jou hart versteur omdat jy die ligbloue aangespreek het? As jy so `n vraag aan `n vuurrooie sou gestel het, sou jy `n antwoord gekry het waarvan jy van louter ergernis flou sou geval het. Maar bedank hom nou vir die weldaad wat die ligbloue jou bewys het, dan sal daar wel beter met hom te prate wees!"

[11] Jarah neem dit ter harte en sê dadelik aan die gesie wat haar nog steeds aanstaar: "Ek dank jou, liewe mannetjie, vir die weldaad wat jy my bewys het deur jou reguit woorde; wees daarom asseblief nie kwaad vir my nie! Nie waar nie, liewe mannetjie, jy sal daarom tog nie kwaad vir my wees of bly nie?"

[12] Die mannetjie lag daarop skaterend en sê, nog laggend: "Hy wat dit aan jou gesê het, is wel in orde - maar jy, sneeugansie, nog lank nie; want jou stinkende fondament het nóg die gedagte, nóg die wil daartoe ontwikkel! Maar jy is nou tog wel verdraagliker as voorheen; net daardie bietjie skoonheidshoogmoed is nog lank nie heeltemal daaruit nie. Verbeel jou maar niks nie, want alles wat van jou af kom is sleg - die goeie behoort aan iemand anders!"

[13] Jarah sê: "Maar vertel eers, liewe mannetjie, hoe weet jy dit alles?"

[14] Die mannetjie lag weer en sê: "Wat jy sien, hoef jy nie te weet nie! Jy sien nou tog ook meer as wat jy andersins kon sien! Ek sien egter nog meer as jy, omdat ek geen stinkende vlees om my heen gehang het nie; en dus sien ek presies hoe dit met jou en met al die ander van julle gesteld is. Ek sê vir jou, verbeel jou niks oor al jou goeie eienskappe nie, want dit is nog lank nie van jouself nie!"

[15] Jarah sê: "Ja, hoe is dit moontlik? Verduidelik dit tog eers beter aan my!"

[16] Die mannetjie sê: "As iemand wat baie reise gemaak het, en daardeur met baie moeite en moei-likhede allerlei kennis en ervaring opgedoen het, jou vertel wat hy gesien en meegemaak het, dan weet jy ook wat hy self weet en ken; kan jy jou dan daarop beroem? Dit wat jy nou meer weet as vroeër, is tog maar net `n dubbele verdienste van die een wat ten eerste met baie moeite en baie opoffering die kennis en ervaring moeisaam versamel het, en ten tweede nog so goed was om dit alles aan jou getrou mee te deel. Sê my eers of jy jou die verkryging van sulke ervarings en kennis as verdienste kan toereken?

[17] Kyk, dan is jy maar net `n met baie nuttige en goeie kennis en ervaring beskrewe boek en nog lank geen wyse skrywer van die boek nie! Aan wie kom dan die eer toe vir die goeie wat in die boek geskryf staan, aan die boek of aan hom wat dit alles daarin geskryf het? Kyk, jy is `n goed beskrewe boek, maar nog lank geen skrywer nie! Verbeel jou daarom maar niks nie!"

[18] Daarop lag die mannetjie weer en rig hom soos `n veldheer op en sê aan sy leër: "As julle sat is daarvan om die geselskap aan te staar, trek ons weer verder, want hier stink dit vir my regtig te veel!"

[19] Meteens trek hulle weg en verdwyn in die bos.

Die wese, en doen en late van natuurgeeste

**116** Maar Jarah sê: "Wie sou nou ooit in hierdie lugtige mannetjie soveel wysheid gesoek het?! Maar eerlik gesê, is ek tog bly dat hulle weer vertrek het; want hulle sou ons na verloop van tyd tog heel merkwaardig warm gemaak het, hoewel hulle in hulself `n baie koue aard skyn te hê. Van enige liefde skyn nie veel in hulle aanwesig te wees nie, maar hulle weet baie goed om die ware van die onware te onderskei. Wat sal daar dan later van hierdie wesens word as hulle glad nie die weg van die vlees wil deurloop nie?"

[2] Ek sê: "Hulle sal dit wel eendag deurloop, maar dit sal nog lank duur voor hulle die besluit daartoe sal neem. Die ligbloues die eerste, die ander egter nog lank nie!

[3] Want die siele wat so uit die natuur van hierdie aarde ontstaan het en daagliks ontstaan, kom baie moeilik tot so `n besluit; alleen baie ondervinding, en baie kennis, en die goeie verwagtinge wat daaruit voortkom, is dit wat hulle daartoe beweeg, indien hulle vas daarvan oortuig raak dat hulle deur die weg van die vlees nooit iets sal verloor nie, maar alleenlik iets kan wen, omdat hulle in die ergste geval weer kan word wat hulle nou is.

[4] Hierdie natuursiele hou hulle meestal die graagste in die berge op, maar kom ook in die wonings van eenvoudige, arm, beskeie mense en help hulle; `n mens mag hulle net nie beledig nie. In daardie geval sal mense nie met hulle oor die weg kan kom nie, aangesien daar met hulle nie goeie kersies te eet is nie.

[5] Hulle besoek heimlik ook skole, en leer baie van die mense. Aan die mynwerkers toon hulle dikwels die beste en rykste metaalare. Op die Alpe help hulle die herders en die weidiere, mits mens hulle maar net nie beledig nie.

[6] Daar is nog etlike sulke natuursiele op hierdie aarde wat byna vyfvoudig die leeftyd van Metúsalem bereik het, en nog nie die weg van die vlees betree het nie. Hulle sou met enigiets instem, as hulle maar net nie hul herinnering hoef te verloor nie, omdat hulle dit as `n soort dood van hul teenswoordige bestaan beskou.

[7] Nou weet julle egter ook hoe dit met hierdie wesens gesteld is. Let nou op die volgende wat gaan kom!"

[8] Dan laat ons ou Kisjonah uit Kis ook eers van hom hoor en sê: "O Meester, watter groot en verhewe dinge het ek alles gesien en gehoor toe U enkele weke gelede so barmhartig was om in my huis te bly! Maar wat daar nou tydens die paar dae wat ek hier is alles voorgeval het en wat hier te hoor en te sien was, het daar in die hele Galiléa gewis niemand ooit van kon droom nie! Meester, vergeef dat ek dit gewaag het om met my onbeholpe mond U in enigiets te onderbreek! Want mens behoort hier eintlik self nooit iets te sê nie, maar slegs te luister en te kyk; en as mens die een of ander nie dadelik heeltemal verstaan nie, dan moet mens bietjie geduld beoefen en al gou kom dan die verduideliking vanself! - Ek het nou klaar gesê wat ek wou sê!"

[9] Ek sê: "O, My beste vriend Kisjonah, praat en vra maar wanneer en wat jy maar wil, want wat jy sê, klink heel welluidend in die ore van My hart; want die klank van die stem van nederigheid is vir My verreweg die mooiste harmonie.

[10] Gister oordag het jy ook die heerlike toon gehoor wat My engel RafaEl ten gehore gebring het; hoe hemels heerlik hierdie toon egter ook geklink het, die suiwer klank van ware nederigheid klink in My oor tog nog onvergelyklik heerliker!

[11] Jy is ook `n egte man na My hart en Ek sal die winterdae in jou huis deurbring, en daar sal nog menige geleentheid hom voordoen om jou en jou hele huis oor talle sake in te lig. Hou daarom in elk geval goeie moed en bekyk nou alles goed - die verduidelikings sal nie agterweë bly nie!"

[12] Kisjonah sê: "O Meester, hierdie al te groot barmhartigheid is ek weliswaar nie in die minste waardig nie, maar so `n winter sal vir my gewis `n uiters geseënde tyd wees! O, watter vreugde sal daar in my huis beleef word! Maar nou kom daar geen woord meer oor my lippe nie!"

[13] Cyrenius sê: "Dan sal ek ook van tyd tot tyd by jou woon en alles doen om die hele omgewing, dit wil sê die armes, so goed moontlik te versorg!"

[14] Kisjonah sê: "Geëerde gebieder, dit sal baie mooi van u wees en vir my sal dit `n groot vreugde wees! Maar ek smeek u, laat ons nou nie te veel tussenin praat nie; want voortdurend sweef die grootste wonders aan ons verby en ons aanskou dit met veels te min aandag!"